Vir Gister en Vandag (Aug. 1981)

# EK KAN NIE SONDER GESKIEDENIS NIE .....

191.A.1 (19)

DEUR PROF. H.B. THOM,
VOORSITTER, ADVISERENDE RAAD OP UNIVERSITEITE

Dit is al gesê: 'n Man wat geen Geskiedenis ken nie, is soos een wat aan geheueverlies ly; hy weet nie wat vooraf gegaan het nie; hy weet nie waarvandaan hy kom nie; hy beskik nie oor die wysheid wat kennis van die verlede meebring nie.

Nog erger is dit met 'n volk, 'n volk as die samevoeging van individue wat deur diepgaande bande van die gees - taal, godsdiens, bodemgehegtheid, naasteliefde, lotsgemeenskap, solidariteit - innig saam verbind word. As 'n volk nie weet waarvandaan hy kom nie, en hoe hy gekom het tot waar hy is nie, dan is dit asof hy die geestelike pilare van die verlede ontbeer, dié pilare waarop nasionale idealisme, selfrespek en karakter gebou word.

Dit is dwingend noodsaaklik dat ons ons van ons geskiedenis rekenskap sal gee. Almal besef dit; selfs primitiewe volke, wat die Gesiedenis begryplikerwyse nie soos ons bestudeer nie, maar deur mondelinge vertelling kennis rakende mense en gebourtenisse uit die verlede oordra van een geslag na 'n ander, soms selfs oor honderde jare.

Daar is nie één van ons, in watter werkkring hy ook al mag staan, wat met waarheid kan sê dat hy geestelik sonder die Geskiedenis kan klaarkom nie. Vir myself is dit volkome duidelik dat, in my eie geval, kennis van die verlede my in staat gestel het om my werk na behore te doen. Nou kan 'n mens natuurlik met reg sê dat dit vanself spreek vir iemand wat Professor van Geskiedenis was en hom uiteraard met navorsing en studie van die verlede besighou.

Maar 'n mens moenie met so 'n simplistiese siening volstaan nie. Dit gaan immers nie net hierom nie. Op die ruimer terrein van die lewe, selfs ver buite die perke van my geskiedkundige werk

as sodanig, ervaar ek telkemale dat begrip van die Geskiedenis vir my in die hantering van probleemsituasies, in die soeke na oplossings, in die beoordeling van toekomsprojekte, 'n bate van onskatbare waarde is. 'n Mens kan die bate weliswaar nie op eksakte wyse definieer nie, maar dat dit onmiskenbaar dáár is, kan vir geen oomblik betwyfel word nie.

Ek ondervind altyd weer [redacted]: Sonder Geskiedenis kan ek nie; my oordeel sal dan dikwels fout wees.